OOSTELIKE SINODE

familienuus

OOSTELIKE SINODE

VANUIT DIE SINODEHUIS

Welkom in 2024! Mag hierdie vir jou 'n geseënde jaar wees. Ons sê en hoor dit gereeld, maar Paulus se seënbede in 2 Korintiërs 13:13 bly iets wat ons elke dag met ons moet saamneem:

"Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees is met julle."

Francois Retief

GEMEENTES EN LERAARS

Herman Matthee het einde 2023 demissie ontvang by **Debruinpark-Ermelo**.

Bennie Mostert het by **Morelatapark** geëmeriteer.

Marco Koch word op 21 Januarie by **Tygerpoort** as leraar bevestig.

Dawie Niewoudt is beroep na **Carolina en Chrisiesmeer** – hulle funksioneer met 'n samewerkings-ooreenkoms.

Oor die vakansietyd kon daar skuiwe van leraars gewees het waarvan die Sinodehuis nog nie kennis gekry het nie. Laat weet ons asseblief!

SINODESITTING

Die Sinodale Diensraad het besluit om op 7 – 10 Oktober ons sinodesitting hierdie jaar by Weesgerus Vakansieoord net buitekant Nylstroom / Modimolle aan te bied. Ons gee later meer besonderhede oor hoe ons dit alles presies gaan doen – teken net solank die datums aan.

SINODEHUIS

Ons is weer volstoom aan die werk. Annelize Meyer word op 1 Februarie deel van ons span as administratiewe beampte na die aftrede van Elna de Bruyn. Annelize werk tans in Lynnwoodrif se kerkkantoor.

Die Sinodehuis se rol is om gemeentes, leraars en kerkkantore van diens te wees. Ons help met advies oor finansies soos vergoedingspakkette, begrotings en pensioen. Ons help waar gemeentes beplan om te beroep. Ons dink saam oor die pad vorentoe vir 'n gemeente. Ons bestuur die proses waar 'n leraar as huweliksbevestiger wil registreer. Ons bestuur die verskillende projekte van ons Sinodale Diensraad. Ons deure is oop as jy net wil asemskep en 'n koppie koffie benodig. En so kan ons nog baie dinge noem... Skakel gerus. Kom lui die klokkie by ons hek. Die Sinodehuis se mense help graag!

INLIGTING VAN BELANG VIR DIE BEREKENING VAN VERGOEDINGSPAKKETTE

Ons het verlede jaar die dokument na alle leraars en kerkkantore per e-pos gestuur. Dit is ook op ons webwerf beskikbaar.

Vergoedingspakette

TOERUSTING

Ons plaas weer Manie Groenewald se inligting oor die opleiding vir kleingroepe:

Ek kry die laaste tyd vanuit verskeie oorde die vraag of bediening in kleingroepe nog enigsins relevant is – selfs by `n onlangse Ringsbyeenkoms in Pretoria is deur gemeentes en leraars hieroor gereflekteer. Wel, die antwoord is eintlik baie eenvoudig as jy Hand. 5:42 lees... “en hulle het nie opgehou om die mense elke dag in die tempel en in hulle huise te leer en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is nie.”

Behalwe vir onderrig in die tempel – vandag ons kerkgeboue op Sondae – was mense in huise onderrig. Behalwe vir die onderrig, is omgee vir mekaar (waaroor daar talle NT-tekste is) en gesamentlike uitreik na die gemeenskap en wêreld ononderhandelbaar vir Christengelowiges. Kleingroepe bied `n uiters relevante en noodsaaklike lewensaar binne gemeentes vir onderrig, opbou en uitreik. As mense traag is om in huise te ontmoet, moet ons hulle aktiveer! As lidmate skerm dat hulle te besig is hiervoor, dan ís hulle eenvoudig té besig en moet ons hulle help om te herprioritiseer, want GEESTELIKE GROEI gebeur VEEL MEER IN SIRKELS AS IN RYE in `n kerkgebou.

Die Versnel-werkswinkel sal gemeentes help om oor `n tydperk van 18 maande hul kleingroepe in die gemeente te aktiveer/herorganiseer, te prioritiseer en te belyn met die groter roeping as gemeente van Christus in en vir die wêreld.

Verdere inligting

WWW.SINOOS.CO.ZA
Onthou asseblief om die inligting op ons webwerf te benut. Daar is inligting oor personeelsake, finansiële dokumente, gemeentes se besonderhede en baie meer.

Ons webtuiste

VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat van 16 tot 29 Janauarie verjaar.

18 Januarie	Anandie Greyling
19 Januarie	Anton Kemp
19 Januarie	Marius Nel
23 Januarie	Sterns Pretorius
24 Januarie	Petro du Toit
24 Januarie	PC Pretorius

EMERITI

23 Januarie	Jan Wandrag
24 Januarie	Christo de Klerk
24 Januarie	Billy Kendall
24 Januarie	Hannes Grobler
28 Januarie	Wessel Bester

GEMEENTES

19 Januarie 1920 Premiermyn (104)
20 Januarie 1956 Letsitele (68)
29 Januarie 1971 Rayton(53)

Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

Copyright (C) 2024 Oostelike Sinode. All rights reserved.

Our mailing address is:

Want to change how you receive these emails?

You can update your preferences or unsubscribe

INTUIT mailchimp